# Hillcrest High School

Graad 12

# AFRIKAANS EAT V2

SEPTEMBER 2023

PROEFEKSAMEN

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Me. S. Schoeman

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Roman
   AFDELING B: Drama

3. Beantwoord AL die vrae.

   **AFDELING A: ROMAN (vraag 4)**

   Beantwoord die vrae oor die roman, ***Lien se lankstaanskoene***, wat julle bestudeer het.

   **AFDELING B: DRAMA (vraag 6)**

   Beantwoord die vrae oor die drama, ***Paljas***, wat julle bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling versigtig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

7. Voorgestelde tydsindeling: Gebruik ongeveer 60 minute per afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**STERKTE!!**

**INHOUDSOPGAWE**

Kies **TWEE** afdelings


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. Kringe in 'n Bos | 35 | |
| 2. Die ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom | 35 | |
| 3. Meeulanders | 35 | |
| 4. Lien se lankstaanskoene | 35 | 4 |
| | | |
| **AFDELING B: DRAMA**<br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. Poppie – Die Drama | 35 | |
| 6. Paljas | 35 | 8 |
| 7. Fiela se kind – Die Drama | 35 | |
| | | |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Van Precious: 'n Buisie salf" | 35 | |
| 8.2 "Roep van die vleikuiken" | 35 | |
| | | |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Boekmerk" | 18 | |
| 9.2 "Die Boodskapper" | 17 | |

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**VRAAG 4:** ***LIEN SE LANKSTAANSKOENE*** (Derick van der Walt)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

"Dis regtig ... regtig ... hoe sal ek sê ..." Juffrou Breytenbach soek na woorde. "Dis eg, regtig *real*."

Asof jy sal weet, dink Lien, wat by voorbaat besluit om af te skakel. Sy verpes Amerikaners. *Bigger is better and we know it all.* Sy het genoeg probleme van haar eie.

'n Paar *loud* Amerikaners s'n traak haar nie. Sy kyk by die venster uit en wonder of vanmiddag by tant Malie se kitsch plantasie iets anders as gister, meer rosies as dorings, gaan oplewer.

"Lien, as jy nie belangstel nie, kan jy buite gaan staan," sê juffrou Breytenbach terwyl sy oor haar brilletjie vir Lien loer. Lien is lus en doen dit, maar bedink haar. Hoe minder *waves,* hoe stiller is die see, sou die een of ander wyse ou wel eendag lank gelede geskryf het, vermoed sy.

Juffrou Breytenbach begin lees. Die stuk begin waar die kinders een vir een by die biblioteek opdaag.

Teen wil en dank luister Lien tog. Sy sien die ander kinders hou ook op rondskuif en fluister. Selfs Christiaan luister met 'n effens oop mond. Die storie boei hulle.

Toe die klok vir pouse lui, bly almal, anders as gewoonlik, nog 'n rukkie doodstil sit.

4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer.

Die stuk wat juffrou Breytenbach aan die klas voorlees, is op (4.1.1) ___ gebaseer. Lien werk op die oomblik by (4.1.2) <u>(naam van die plek).</u> Die volgende plek waar Lien gewerk het, is Millennium Creations, 'n (4.1.3) ___. Hierdie toneelstuk wat die juffrou aan hulle voorlees, het Lien se lewe verander, want sy het (4.1.4) ___ gaan studeer. (4)

4.2 "Asof jy sal weet, dink Lien, wat by voorbaat besluit om af te skakel. Sy verpes Amerikaners. *Bigger is better and we know it all.* Sy het genoeg probleme van haar eie." (Reël 3 – 5)

Noem TWEE probleme wat Lien het, wanneer sy sê sy het genoeg probleme van haar eie. (2)

4.3 "Hoe minder *waves,* hoe stiller is die see." (Reël 10 en 11)

Wat bedoel Lien met hierdie woorde? (1)

4.4 Waarom is dit ironies dat Lien wonder of haar werkplek "meer rosies as dorings gaan oplewer"? (1)

4.5 Waarom het Lien toe wel besluit om na die oudisie vir die skool opvoering te gaan? (1)

4.6 Die mense in Lien se lewe het almal hulle probleme op verskillende maniere hanteer.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommers (4.6.1 tot 4.6.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.6.1 Braam het baie na sy ou lewe verlang. | A Bied nie meer klavierlesse aan nie en speel selfs nie meer klavier nie. |
| 4.6.2 Lien het haar toevlug hierin gevind. | B Kyk gereeld na ou familie videos. |
| 4.6.3 Christien het dít ophou doen, want dit het vals gevoel. | C Haar ouers is geskei en sy is in ‘n kinderhuis. |
| 4.6.4 Sally hou ‘n front voor met haar verkeerde optrede by die skool. | D Luister na Norah Jones. |
| | E Haar pa drink ook baie en gebruik dwelms. |

(4 x 1) (4)

4.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (4.7) neer.

Dit het gereeld gebeur dat Ma se kamerdeur toe is wanneer Lien by die huis kom. Dit het beteken sy lê en slaap en moes geel van die werk afgekom het.

Hierdie situasie lig die sosiale probleem uit van ...

A ouers wat lang ure moet werk.
B alkoholisme wat families uitmekaar ruk.
C ouers wat moeg by die huis kom.
D broers en susters wat nie oor die weg kan kom nie. (1)

4.8 Verduidelik waarom Lien haar werk by Millennium Creations verloor het. (1)

4.9 Lien ry saam met tannie Bets Pick n Pay toe en sien ‘n vrou met ‘n plakkaat wat bedel.

Waarom fokus die skrywer die leser se aandag op Lien wat wonder oor die vrou wat bedel? (1)

4.10 Noem TWEE items wat Lien by juffrou Breytenbach leen vir haar “nuwe werk”. (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Die deur tussen die sitkamer en die gang is toegetrek, sien sy verbaas. Dis nie heeltemal toe nie, sien sy toe sy nader kom. Sy sien die televisieskerm gooi flikkerbeelde teen die gangmuur.

Braam kon nie voor die televisie aan die slaap geraak het nie. Hy het vroeg gaan slaap, onthou sy. Sy het nog gekyk of die voordeur gesluit en al die ligte af is. En sy hét die televisie afgesit.

Sy loer versigtig deur die skrefie. Braam sit op die punt van die bank en staar na die televisieskerm. Sy oë is vasgenael op die flikkerende beelde.

Lien kan nie mooi sien wat op die skerm aangaan nie. As hy *adult movies* kyk, gaan sy hom vermoor.

Sy stoot die deur saggies nog ‘n entjie oop. Sy kan die televisie nou beter sien. Braam is besig om ‘n video terug te draai. Langs hom op die bank is ‘n boks met ‘n stapel video’s. Hy druk die speelknoppie.

“... van die rol geskrap en tot vier jaar gevangenisstraf gevonnis,” lees Riaan Cruywagen die nuus terwyl hy van agter sy *laptop* vir die kamera loer. Hy het ‘n roomkleurige baadjie en ‘n pienk das aan. Iewers agter die nuusateljee ry iemand verveeld agter ‘n groot venster op ‘n roltrap ondertoe.”

“Albei is prokureurs van die firma Nkobeni, Lategan en Jooste in Pretoria. Hulle moet ook die trustgeld van etlike miljoene met rente terugbetaal.”

4.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Lien hou op bedel.
- Lien het haar pa in die tronk besoek.
- Die opvoering was ‘n groot sukses.
- Lien het haar ma in die kliniek besoek. (4)

4.12 In hierdie hoofstuk het Gerhard vir Lien “ontmasker” toe hy haar sien bedel. Hoe word Lien se pa en Braam in hierdie uittreksel “ontmasker? (2)

4.13 Wanneer Lien haar ma besoek, sê Christine vir Lien dat haar terapeut, Harry, gesê het sy moet haarself vergewe voordat sy kan verwag haar kinders moet haar vergewe. Hoe weet ons, ná die toneelopvoering, dat sy haarself vergewe het? (1)

4.14 Lien is die fokalisator in die verhaal.

Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

4.15 Watter tema kom na vore wanneer Lien beide haar ma en pa gaan besoek, en as ‘n ander mens daar wegloop? (1)

4.16 Daar was ‘n paar mense in Lien se lewe wat haar bygestaan het.

4.16.1 Noem een só persoon. (gee die naam) (1)

4.16.2 Verduidelik wat hierdie persoon gedoen het om haar by te staan. (1)

4.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (4.17) neer.

"Sy het nog gekyk of die voordeur gesluit en al die ligte af is. En sy hét die televisie afgesit" (Reël 5 en 6)

Wat sê die uittreksel vir ons van Lien?

A Sy dink daar is 'n skelm in die huis.
B Sy neem haar rol as die verantwoordelike persoon in die huis ernstig op.
C Sy is bang vir spoke in die huis.
D Sy dink sy is besig om mal te word. (1)

4.18 Lien het daarvan gehou om almal byname te gee.

Wat noem sy die volgende mense?

4.18.1 Gerhard. (1)

4.18.2 Gordon. (1)

4.18.3 Roos se dogter. (1)

4.19 Wanneer Lien haar pa besoek, wil sy vir hom sê hoe baie sy hom haat, maar sy kan nie en Norah Jones sing in haar gedagtes:

*Singing the same lines all over again*
*no matter how much I pretend.*

Hoekom hoor Lien gereeld Norah Jones se musiek in haar gedagtes? (1)

4.20 Braam tree nie baie hulpvaardig op in die roman nie.

Wat sou jy gedoen het as jy Braam was? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 6: PALJAS – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

KATRIEN (*ná nog 'n rukkie, amper onhoorbaar)*: Dink jy hy't die goed gehoor wat ek vir jou gesê het?
HENDRIK: Ek weet nie. (*Hy staan op en gaan staan in die oop agterdeur.)* Hy kan tog nie sommer so van die aardbodem af wegraak nie. (*Hy kom weer terug, maar staan besluiteloos in die middel van die vertrek.)* Wil jy nie maar gaan lê nie? (*Sy skud haar kop*.) Dis al oor twee.
KATRIEN: Ek sal tog nie kan slaap nie.
HENDRIK (*gaan staan weer in die agterdeur)*: Die ... goed wat jy gesê het vandag ... *(sy rug is na haar toe. Hy kry dit nie gevra nie. Sy sit en wag.)* ... Jy't dit seker als gebedoel.
KATRIEN: Seker nie als nie.
HENDRIK: Watter het jy gebedoel?
KATRIEN *(nadat sy lank met haarself gespook het*): Seker maar niks ...

Hendrik kry glad nie vir haar gekyk nie. Hy bly in die deur staan.

HENDRIK *(eerder gelate as verwytend)*: So, jy't alles gebedoel.
KATRIEN: Ek ... hoop nie hy't gehoor nie. *(Hendrik vat sy baadjie agter die kombuisdeur en trek dit aan. Hy vat sy hoed.)* Waar gaan jy?
HENDRIK: Polisie toe.
KATRIEN: Dié tyd!

6.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (6.1.1 tot 6.1.4) neer.

Die sirkustrein het op die stasie, Toorwater, in die (6.1.1) ___ gestop. Hierdie gesin se grootste probleem is dat hulle nie kan (6.1.2) ___ nie. Hendrik hou nie van die idee dat (6.1.3) ___ altyd by Katrien kom kuier as hy werk toe gaan nie. Willem het 'n nuwe maat, die (6.1.4) ___ wat deel van die sirkus is. (4)

6.2 "*(nadat sy lank met haarself gespook het*)" (Reël 13)

6.2.1 Die skuinsgedrukte woorde is 'n (toneelaanwysing/karakteruitbeelding/ handeling).

Kies die korrekte woord en skryf dit neer. (1)

6.2.2 Gee EEN rede waarom hierdie skuinsgedrukte woorde in hierdie teks gebruik word. (1)

6.3 Hendrik en Katrien het 'n hewige argument oor materiële dinge gehad.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (6.4) neer.

Katrien en Hendrik is baie bekommerd, want ...

A Emma het weggehardloop.
B die motor is gebreek.
C Willem het net verdwyn.
D die dorpsmense kyk hulle snaaks aan. (1)

6.5 Katrien en Hendrik het baie dinge vir mekaar gesê toe hulle geargumenteer het.

Kies die eintlike bedoeling uit KOLOM B wat by die kommentaar in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommers (6.5.1 tot 6.5.3) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.5.1 Hendrik sê hy werk hard om die pot aan die kook te hou. | A Sy sinspeel daarop dat hy geen ambisie het nie. |
| 6.5.2 Katrien sê sy gaan van nou af vir haarself begin sorg. | B Hy probeer eintlik sê dat Katrien geld mors. |
| 6.5.3 Katrien sê vir Hendrik hy is vyf en veertig en hy het niks nie. . | C Hy probeer eintlik sê dat hy nie vir Katrien kan vertrou nie. |
| 6.5.4 Katrien sê vir Hendrik dat ‘n vrou nie ‘n kar is nie. | D Sy probeer sê dat Hendrik nie weet hoe om mooi na sy vrou te kyk nie. |
| | E Sy bedoel dat sy haarself mooi wil versorg soos ander vroue. |

(4)

6.6 “Dink jy hy’t die goed gehoor wat ek vir jou gesê het?” (Reël 1 en 2)

6.6.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die feit dat Hendrik en Katrien gereeld gestry en geargumenteer het, het veroorsaak dat Willem aan ‘n (gedragsprobleem/angstoestand) lei. (1)

6.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.6.1. (1)

6.7 Hendrik en Katrien het nie saamgestem oor die opsomming wat Katrien van hulle lewe gegee het nie.

Wat het Katrien gesê, het by Touwsrivier, die eerste stasie waar Hendrik gewerk het, gebeur en hoe het Hendrik se siening verskil? (2)

6.8 Watter lelike eienskap, erken Hendrik, het hy wanneer hulle oor hulle huwelik en verhouding praat? (1)

6.9 Katrien was baie geskok oor hierdie erkentenis van Hendrik in 6.8. Watter belangrike inligting i.v.m. haar gevoel teenoor Hendrik, deel sy met hom? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

143. Nollie en Emma is alleen in die eetkamer. Langsaan in die voorkamer is 'n gedruis van stemme, musiek en gelag. Emma staan langs 'n stoel met haar hand op die leuning. Nollie sit sy hand op hare neer. Sy kyk vir hom. En albei weet: dit gaan nou gebeur. Uiteindelik. Sy gesig kom baie stadig nader na hare toe, en haar mond wag onseker vir syne.

Die middeldeur vlieg oop en Willem kom binne.
Nollie en Emma ruk van mekaar af weg.
En Willem steek vas. Hy het 'n eier in sy een hand en die konsertina in sy ander hand. Hy steek die eier in sy hempsak.

EMMA: Kan jy nie klop nie? *(Hy staar net terug.)*
NOLLIE: Waarheen gaan jy met daardie eier?
EMMA: Gaan jy al weer met jou trieks begin?
WILLEM: Pa sê ek moet. *(Hy gaan op die stoep uit. Daar steek 'n string sakdoeke agter onder sy hemp uit.)*

144. Die McDonald-huis se stoep is vol mense wat lag en lawaai. 'n Mens hoor Hendrik se musiek bokant die rumoer.
Hendrik skink met sy tuingietertjie bietjie dam by iemand se dop.

145. Katrien kom op die stoep uit met 'n skinkbord vol glase.
Willem staan vir sy pa en ma en kyk.
Katrien sê iets vir Hendrik naby sy oor en hy lag. Hy sit sy gietertjie neer en sit sy arms om Katrien en probeer haar teen hom vasdruk. Maar die skinkbord is in die pad.

6.10 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Manuel is terug sirkus toe.
- Willem het op die windpomp gaan sit.
- Emma het saam met Nollie na die Volstruisdans toe gegaan.
- Manuel is geskiet. (4)

6.11 Die progressie van verskillende karakters in die drama is duidelik. Noem EEN manier waarop die volgende mense se karakters gegroei het.

- Katrien
- Hendrik
- Emma (3)

6.12 Lees weer reëls 10 en 11.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Beide Emma en Nollie was (verbaas/verskrik/geïrriteerd) toe Willem skielik in die eetkamer instorm. (1)

6.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (6.13) neer.

"Pa sê ek moet." (reël 13)

Hendrik het Willem aangemoedig om vir almal sy toertjies te wys, want ...

A die dorpsmense het hulle nou aanvaar soos hulle is.
B almal was dronk en hou van toertjies.
C Hendrik was skaam oor sy seun se vreemde gedrag.
D Hendrik wou almal wys dat hulle met duiwelswerk besig is. (1)

6.14 Aan die begin van die drama het Emma gesien hoe "vriendelik" haar ma en Frans was.

Watter innerlike konflik het Emma op hierdie oomblik ervaar? (2)

6.15 Hoe verskil Emma se siening oor verhoudings voordat Manuel se paljas begin werk het **en** nadat dit gewerk het? (2)

6.16 Lees weer reël 3 en 4.

6.16.1 Vroeër in die drama het Nollie vir Hendrik gesê hulle moet geduldig wees. Hoekom kan ons sê dat Nollie korrek was? (1)

6.16.2 Hoekom was Hendrik so ongeduldig? (1)

6.17 Aan die einde klim Willem teen die windpomp uit.

6.17.1 Hoekom het hy nie in die huis saam met sy gesin en al die ander mense gebly nie? (1)

6.17.2 Waarvan is die windpomp 'n simbool? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**